

Boekbespreking

Balke, W en andere 1982 – Luther en het Gereformeerde Protestantisme

317 bladsye. Boekensentrum :S'Gravenhage; prys 39,50 Nederlandse gulde

Dit is vanjaar op 10 November presies 500 jaar gelede dat die groot Hervormer Martin Luther in 1483 in Eisleben (Duitsland) gebore is. Aan hierdie gebeurtenis is ruimskoots aandag gegee in Europa en dan veral ook in Duitsland. Tog is dit nie net die Lutherse kerklike wêreld wat dankbaar hierdie groot figuur uit die kerkgeskiedenis in herinnering roep nie, maar ook die Calvinistiese kerklike wêreld *kan* en *moet* in dankbaarheid aan die Lutherherdenking meedoen. Dit is juis met die oog hierop dat hierdie publikasie aangepak is deur die medewerking van verskeie bekende name uit die Nederlandse Calvinistiese kerkfamilie.

Die name van die medewerkers dui alreeds daarop dat dit 'n besondere publikasie behoort te wees wat die aanbieding en gehalte van werk aanbetref. Prof W van't Spijker het drie bydraes, drs K Exalto twee bydraes en dr CA Tukker, dr W Balke, prof J Kamphuis, prof C Graafland, prof J van Genderen en dr J Hoek een elk.

Formeel gesien is die boek netjies en keurig versorg met 'n besonder stewige hardeband. Deur net na die inhoudsopgawe te kyk is dit al duidelik dat die verskillende bydraes 'n baie wye veld dek en dit word ook duidelik aan watter groot verskeidenheid sake in elke bydrae afsonderlik aandag gegee is. Enkele foute kan egter wel aangetoon word. In die inhoudsopgawe op bl 316 is die titel van prof Van Denderen se artikel: *Luthers versie op wet en Evangelie*, terwyl dit op bl 248 *Luthers visie op wet en Evangelie* heet. Die tweede is seker die korrekte. Op bl 65 word Bucer se geboortedatum verkeerdelik as 1591 aangedui terwyl dit 1491 behoort te wees. Op bl 104 word *paatsen* in plaas van *plaatsen*; op bl 108 *en* in plaas van *aan*, op bl 137 *stelingen* in plaas van *stellingen* en so meer, gebruik. Hierdie foute is egter te gering om 'n goedversorgde boek se waarde te verminder.

Dit sou onbillik wees om een of enkeles van die elftal bydraes uit

te sonder, maar aan die ander kant sou dit weer te ver voer om elke bydrae volledig te bespreek. Enkele sake wat duidelik na vore kom, kan egter uitgelig word:

1. Om Luther as kerkhervormer te kan verstaan en waardeer is nie moontlik sonder om die mens Luther noukeurig te ken nie. Daarom is die eerste vraag wat beantwoord moes word: Wie was Luther? Hy was 'n doodgewone mens, met al die moontlikhede en tekortkominge eie aan 'n mens. Self was hy maar al te bewus van sy sonde maar ook van sy regverdiging deur genade alleen. Hy was in die eerste plek Christen en sy Christenskap het sy teologie gestempel. Teologie en vroomheid was by hom een saak en daarom was sy hervorming eerstens 'n hervorming van die teologie en daaruit voortvloeiend 'n hervorming van die kerk.
2. Hoewel die ander reformatore soos Zwingli, Bucer, Bullinger en veral Calvyn elkeen selfstandig opgetree het en eie weë gegaan het, is nie een van hulle werklik los van Luther te dink nie. Hy is en bly die Hervormer wat eerste in die ry gestaan het en sal bly staan.
3. Luther en Calvyn het baie nader aan mekaar gestaan as wat dikwels erken word. In talle opsigte blyk dit baie duidelik en nie die minste nie ten opsigte van die predestinasieleer. Verskille was daar wel, maar tog was dit in werklikheid nie van so 'n aard dat die Gereformeerde Protestantisme nie met dankbaarheid sal erken dat hulle ook baie te danke het aan Luther nie.
4. Oor die jare het die Calvinisme en Lutheranisme al verder uitmekaar gegroei. Reeds by die Sinode van Dordt 1618–19 het die Lutherane hulle ook veroordeel gevoel. Wat egter in gedagte gehou moet word is dat die Lutheranisme ten slotte ook Luther verlaat het.

Alles bymekaar genome is hierdie 'n netjiese en waardevolle bydrae uit Europese gereformeerde kerke om die 500ste herdenking van Luther se geboortedag te gedenk. In hierdie werk is werklik getrag om 'n getroue beeld weer te gee van die mens, die Christen, die teoloog en die hervormer Martin Luther. Daarom verdien hierdie werk om ook hier in die RSA gelees te word.

SJ Botha

Botha, M Elaine – Christelike-Nasionaal. Outentieke, ideologiese of gesekulariseerde Nasionalisme? Die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika gedurende die periode 1877 tot 1910

55 bladsye; prys R3,00. (Uitgawe F 5, nr 10 van die Instituut vir Reformatoriese Studies aan die PU vir CHO)

Dit is 'n interessante en lesenswaardige werkie waaragter baie harde werk lê. Basies word hier twee tipes Calvinisme bespreek – die Murray-tipe Calvinisme en die “Kuyperiaanse Calvinisme” as die bepalende in die Afrikanervolkslewe. In die Nederduitsch Hervormde Kerk word nóg die een nóg die ander as outentieke Calvinisme waardeer. Dit is tog jammer dat die gedagtes uit die Nederduitsch Hervormde Kerk, soos byvoorbeeld in die onderhawige tydperk deur ds MJ Goddefroy uitgespreek is, nêrens verdiskonteer is nie. Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal met sy volkskerkgedagte ook die “standpunt dat die volle handelingsbereik van die menslike lewe tot gehoorsaamheid aan die eise van God en sy Woord geroep word” (bl 4) deel en ook instem met die opmerking op bl 6 dat “gepoog (sal) word om alle lewensterreine aan die heerskappy en Koningskap van Christus gehoorsaam te maak”. Vir die skryfster is dit outentieke Calvinisme, tog wys sy die volkskerk af. Dit lyk tog belangrik dat ook na die getuienis van die Nederduitsch Hervormde Kerk geluister moet word.

SJ Botha

Bouman, J, 1980 – Das Wort vom Kreuz und das Bekenntnis zu Allah. Die Grundlehren des Korans als nachbiblische Religion.

287 bladsye. Frankfurt am Main: Verlag Otto Lembeck.

Prof Johan Bouman (oënskynlik 'n Nederlander van geboorte) is met die skrywe van hierdie boek 'n hoogleraar aan die Philipps-Universiteit te Marburg. Hy is 'n kenner van die Islam en is veral in die

gesprek tussen Christene, Jode en Moslems geïnteresseerd. In die boek onder bespreking gaan dit primêr om die geloofsverhouding tussen die Christendom en die Islam.

Die benaderingswyse wat gevolg word, is een wat nogal dikwels in ons tyd probeer word, naamlik om 'n reeks geloofstemas wat in beide die Christelike geloof en die Islam aktueel is, in hulle twee skriftuurlike verbande, naamlik die Bybel en die Koran, na te gaan en deur 'n nuwe uitleg en interpretasie daarvan by iets te probeer uitkom wat die verhouding Christelike geloof – Islam in 'n nuwe lig sal stel. So kan moontlik aangetoon word dat heelwat van die wrywing en agterdog waarmee Christene en Moslems mekaar bejeen, op misverstande berus en dat daar in der waarheid veel meer gemeenskaplik tussen hulle is as wat hulle uitmekaar dryf.

Soos dikwels in die verlede aangetoon, bevat 'n benaderingswyse soos dié 'n ongemaklike swak plek, daarin dat enige nuwe interpretasie van die skrifte afhanklik is van die aanvaarding van die aanhangers voordat dit so 'n versoenende rol kan speel. In die algemeen is aanhangers nie juis geneig om interpretasies deur buitestaanders ernstig op te neem nie.

Aan die ander kant pretendeer die boek nie om die laaste woord oor dié sake te wees nie. Dit wil slegs deel van die voortgaande gesprek tussen Christen en Moslem wees. Die skrywer handhaaf ook deurgaans 'n versigtige styl en gaan werklik uit sy pad om enige sweem van aanstoot teenoor enige van die tradisies te vermy.

Die volgende temas word behandel:

- Die enige God
- Die enige God en die Openbaring
- Die enige God en die heil
- Die enige God en sonde
- Die enige God en versoening
- Die enige God en sy heilige Naam.

Elke tema word agtereenvolgens eers in die Ou-Testamentiese konteks, dan in die Nuwe-Testamentiese konteks en laastens in die konteks van die Koran bekyk.

Uiteindelik kom die skrywer tot die volgende slotsom: Hoewel Mohammed heelwat gebou het op Bybelse tradisies, soos hy dit via Joodse en Christelike gemeenskappe in Arabië leer ken het, word die Islam 'n nuwe godsdiens, naas die Judaïsme en die Christen-

dom. 'n Rede hiervoor is die feit dat Mohammed self 'n Arabier was en dat die Islam binne die konteks van die Arabiese kultuur en godsdienstigheid vorm aangeneem het. Veel belangriker is egter die wyse waarop Mohammed sy eie roeping en sending verstaan het. Enige poging tot interreligieuse gesprek wat nie die feit dat die Islam 'n eie, unieke godsdiens naas die Judaïsme en die Christendom is, respekteer nie, is dus doodgebore. Op dieselfde wyse staan die Christendom as 'n eie, unieke godsdiens teenoor die Judaïsme en selfs die godsdiens van ou Israel.

Tog wil die skrywer ook pleit dat die besondere band tussen Judaïsme, Christendom en Islam nie misgekyk sal word nie. Om dit te beskrywe, gebruik hy 'n musikale beeld, naamlik die van 'n driestemmige fuga waarin die variante temas deurmekaar gevleg word om gesamentlik uitdrukking te gee aan die basiese tema. Die implikasie is dan dat die waarheid slegs in sy volle spektrum duidelik word wanneer na al drie gesamentlik geluister word – kwalik 'n standpunt wat op algemene aanvaarding van Jode, Christene en Moslems kan reken.

Die boek is netjies en goed beredeneerd geskryf. Dit bevat 'n lys waarin verwysings na die Bybel en die Koran aangedui word, benevens die gewone sakeregister. Dit kan met vrymoedigheid aanbeveel word.

PJ van der Merwe

Crafford, D, 1982 – Aan God die dank

Pretoria: NG Kerkboekhandel; prys R19,75

Dié werk, wat 600 bladsye beslaan, is 'n publikasie van die Instituut vir Sendingwetenskaplike navorsing (ISWEN) aan die Universiteit van Pretoria. Die boek vorm die eerste deel van 'n omvattende geskiedenis van die NG Kerk se sendingwerk, waarvan die tweede deel wat oor die Kerk se buitelandse sendingwerk handel van die hand van dr JM Cronje, reeds verskyn het. Hierdie werk van prof Crafford handel oor die binnelandse sendingwerk van die NG Kerk.

Die skrywer wou nie net 'n oorsigtelike sendinggeskiedenis van die NG Kerk bied nie, maar ook 'n beeld probeer gee van die NG Kerk se sendingbetrokkenheid. Daarin slaag hy uitstekend. Hoewel dit 'n omvattende en uitgebreide werk is wat vele detail bevat, bly dit interessant en word nooit vervelig nie.

Die werk van Crafford is van hoogstaande gehalte. By die lees daarvan kan 'n mens nie anders as om diep onder die indruk te kom van die geloof, volharding, erns en liefde waarmee die NG Kerk sy sendingtaak in Suid-Afrika ter hand geneem het nie.

Dié gehoorsaamheid aan die opdrag van die Heer van die Kerk dwing steeds respek en bewondering af.

Die werk is taalkundig en tipografies netjies versorg – interessant met 'n groot aantal foto's verryk. Dit word van harte aanbeveel vir enigeen wat in die NG Kerk se sendingwerk maar ook baie wyer, in die Sendinggeskiedenis in Suid-Afrika in die algemeen, belangstel. Dit bevat 'n uitgebreide literatuur- en bronnelys, asook 'n naam- en sakeregister.

'n Enkele kritiese opmerking: Dit is jammer dat die skrywer geen begrip openbaar of selfs enige erkenning verleen aan die problematiek rondom die vertolking van die Kerkgeskiedenis in Suid-Afrika nie. Dit lei selfs tot geforseerdheid as hy meermale van die Nederlandse Kerk praat as die Nederlandse Gereformeerde Kerk, – op 'n tydstip lank voordat dié naam in Nederland in swang was.

DJC van Wyk

Henel, IC, 1981 – Philosophie und Theologie im Werk Paul Tillichs

80 bladsye. Frankfurt & Stuttgart: Evangelisches Verlagswerk; prys DM 9,80

Die skryfster, 'n Duits-Amerikaanse geleerde, is bekend as iemand wat haar toegelê het op die vertaling van Tillich se werk in Duits. Sy het ongetwyfeld 'n deeglike kennis van al sy werk, en dit is duidelik dat sy sy gedagtes kan hanteer en interpreteer.

Aan die einde van die boekie gee die uitgewers dan ook 'n uitvoerige bekendstelling van die Duitse weergawe van Tillich se versamelde werke – ongeveer 8000 bladsye in geheel.

Haar keuse van 'n tema uit die rykdom van Tillich se werk toon duidelik haar begrip van waarom dit gaan in sy denke. Die verhouding tussen filosofie en teologie is die sentrale tema van sy werk. Die opmerking moet egter ten aanvang gemaak word dat dit 'n leemte in die boek is dat daar nie iets gesê word oor die plek van Tillich as figuur van wêreldformaat nie. Sy produktiwiteit en invloed regverdig 'n inleiding oor sy persoon, beskouings en plek in die teologie. Hy word nou eenmaal as teoloog gesien en nie soseer as filosoof nie. Nietemin kan niemand ooit sy filosofiese arbeid (en invloed) links laat nie. Daarom is haar inleidingstema (*Auf der Grenze*) die perfekte inleiding vir die boek. Ons is self van mening dat Tillich 'n groter invloed gehad het in die Angelsaksiese teologie as in Duitsland, vanweë verskillende redes. Tog lyk dit of daar meer belangstelling (en dalk waardering) vir Tillich in die later tyd in Duitsland kom. Dalk het die beskikbaarstelling van die vertalings van sy latere werk (uit die Amerikaanse tydperk) daarmee te doen.

Henel se boekie handel oor die hantering van filosofie en teologie deur Tillich en die gebruik daarvan in sy werk. Vir hom is die verband tussen die twee belangrik. Sy onderskei deeglik hoedat hy verskillende moontlikhede insien; wat grens beteken; hoe hy verder skerp afgrens, en ten slotte korreleer.

Die skryfster se aanpak van die onderwerp en haar twee hoofonderwerpe wat sy uitlig (eerstens: Die filosofie in Tillich se teologie en tweedens: Die teologie in Tillich se filosofie) toon dat sy met instemming tuis is in hierdie gedagte-wêreld en spesifieke benadering van die teologie. Ons maak hierop opmerkzaam, omdat 'n plasing van teologie en filosofie langs mekaar na ons mening altyd 'n "filosofiese teologie" tot gevolg het. Dit is ook jammer dat sy nie 'n bietjie uitvoeriger reg laat geskied aan Tillich se beskouing oor teologie nie – sy *Mittlerdienst*, die antwoordende karakter van sy apologetiese teologie nie. Wel gee bl 36 interessante perspektiewe. As mens omgekeerd weer oor haar weergawe van sy filosofie iets kan sê: Sy verduidelik die besondere filosofiese visie van Tillich deeglik – soos bekend, uitdrukking van die klassieke en Middeleeuse ontologiese leerstuk. Sy sou egter met vrug 'n bietjie gebruik kon maak van Donald J Keefe se werk *Thomison and the Ontological Theology of Paul Tillich*, waar veral gelet word op die platoniese

grondslae in sy ontologiese metode. Tillich se opvatting van substansie is ook hoogs belangrik in die saak soos wat hy in dié verband, op Aristoteles en Plato steun.

Sy begin egter die eerste deel van haar werke heel gepas met 'n bespreking van hierdie ontologiese fondament van sy teologie.

Daarna kom die kennisleer en openbaringsbegrip ter sprake, dan die kwessie van korrelasie. Tillich se Christologie kom egter baie kursories ter sprake, en die Godsleer (fundamenteel vir die teologie) feitlik glad nie. Ons is van mening dat filosofiese invloede hier goed aanwysbaar is en ruimskoots aanleiding tot kritiek kan gee. As voorbeeld kan hier Tillich se skeppingsleer gebruik word. Vir haar is dit nie 'n probleem dat Tillich groter erg het aan die skepping (in sy verbande) as aan die Skepper nie, juis vanweë die besondere eksistensiële interpretasie wat hy deurgaans het.

Vir Henel is die eksistensiële ervaring waarop die teologie gebou word, genoegsame grond om te beweer dat Tillich se teologie as sodanig aan die gevaar ontkom het om "einem Teil philosophischer Spekulation" te word (bl 72). Dit pla haar nie dat Tillich sy "sistematiek" begin deur te beweer dat die "syn-self" of God as Idee gesien, filosofies geregverdig is nie (bl 73).

Wanneer sy 'n bespreking van die kultuurteologie van Tillich doen (die teologie in sy filosofie), sê sy heel tereg dat hy 'n algemene godsdienstige analise van kultuur maak deur middel van 'n godsdienstipologie. Sy haal egter nooit uit die saak die kwessie dat Tillich by godsdiens vassteek as uitgangspunt en die Skrif en openbaring nooit tot hul reg laat kom nie.

Vanuit hierdie hoek gesien kan gesê word dat die skryfster nie krities genoeg is nie, maar dit is duidelik dat sy sowel godsdiens as die verhoudinge tussen filosofie en teologie vanaf dieselfde platvorm en uitgangspunt as Tillich benader. Soos gesê is haar teologie ook 'n filosofiese teologie, en evalueer sy die filosofiese inslag by Tillich as "eines groszen Verdienste" (bl 13). Voorts gaan dit hier om 'n filosofiese behandeling van Tillich se denkarbeid. Dit het dus filosofiese waarde, presieser gesê, waarde vir die filosoof, terwyl die waarde vir die teoloog meer beperk is. Nietemin is die verhandeling vir die godsdiensfilosoof van betekenis, en tog ook vir ons in Suid-Afrika, wat juis nie veel van Tillich kennis neem nie, omdat sy uitgangspunte en benadering van die teologie soveel van ons eie verskil.

Henel se behandeling van die onderwerp is egter deeglik gedoen

met totale onbevooroordeeldheid. Keer op keer lig sy die problematiek rondom sy stellings uit en anomalieë word nie verswyg nie. 'n Enkele aanhaling dien as veelseggende voorbeeld: "Als philosophischer Theologe erweist sich Tillich in seiner Systematik als Denker auf der Grenze, aber in seinem Versuch, biblische Religion und Ontologie zu vereinen, löscht er die Grenze aus und untergräbt seinen eigenen Standpunkt" (bl 13).

Juis diegene wat maar min van Tillich af weet, behoort gebruik te maak van hierdie boekie om op 'n bondige en deeglike wyse 'n filosofies-kritiese oorsig te kry oor dit wat essensieel is by hom – en daarmee van die teologiese standpunte kennis te neem van hierdie soort teoloë wat soms so heel anders as ons in Suid-Afrika redeneer en tot hulle konklusies kom.

CJ Viljoen

Kempff, D, 1982 – Bestry en Bevestig 1806–1900

45 bladsye. (Uitgawe van die *Instituut vir die Bevordering van Calvinisme*, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys). Prys R2,50

Dit is 'n verdere studie oor die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika en volg op *Gewortel en Gegroei 1652–1806* van dieselfde skrywer. Weer eens kan van harte aanbeveel word dat die werkie gelees sal word. In hierdie geval is daar egter meer punte van kritiek nodig as by die genoemde voorafgaande werkie.

Positief waarderend kan eers verwys word na die geweldige hoeveelheid materiaal wat deurgewerk is en die poging om kort en bondig 'n onderwerp wat 'n veel groter publikasie regverdig, so kort en beknopt weer te gee.

Hoewel nêrens 'n beperking of afgrensing aangedui word nie en die titel en voorwoord die verwagting skep van 'n breër aanpak, is dit tog duidelik dat hier 'n toespitsing op die Gereformeerde Kerk is.

Juis die kortheid en beknoptheid bring ook probleme mee. Daar moet na te veel sake slegs verwys word sonder nadere verduideliking en dan wonder mens of die bepaalde verwysing hoegenaamd ter sake is. So word byvoorbeeld op bl 31 verwys na die feit dat die Hervormde Kerk sy voorkeurposisie as staatskerk verloor. Dit is egter geensins duidelik hoe hierdie bepaalde opmerking by die res van die paragraaf inpas nie. Ook op bl 41 kon 'n verwysing na Artikel 3 van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk maar liefs gelaat gewees het òf dit moes breër omskryf gewees het.

Op bl 47 word weer gewaarsku teen die volkskerkgedagte. Wat die skrywer onder volkskerk verstaan word nie omskryf nie, hoewel uit die enkele sin afgelei kan word dat dit steeds Kuyper se karikatuur is.

SJ Botha

Kirchlichen Aussenamt 1981 – Die Hoffnung auf die Zukunft der Menschheit unter der Verheissung Gottes. Beiheft zur Ökumenischen Rundschau Nr 41

187 bladsye. Frankfurt am Main: Verlag Otto Lembeck

Hierdie bundel bevat die notule vanaf band (bl 185) van die agtste teologiese gesprek tussen die Russies-Ortodokse Kerk en die Evangeliese Kerk in Duitsland in Oktober 1979.

Die voorsitter dr Heinz Held gee eers 'n uitgebreide oorsig in sy voorwoord. Daarna volg groeteboodskappe, dankwoorde, groettelegramme en foto's – vol ómhaal, eerbiedwaardigheid en tierlantyn! 'n Mens begin amper net wonder of publikasies in Duitsland nie ook duur is nie, totdat die bundel se bladsye uitmekaar begin val en jy besef: dis maar goedkoop gebind. Na 'n samevatting van die gebeure en agt bladsye stellings uit elke bydrae, volg die eerste referaat eers op bladsy 48!

Intussen is ook die openingsrede van prof Edmund Schlink oor Johannes 2:1–11 opgeneem. Hierdie preek is van die bestes oor die bruilof te Kana wat te lese is!

Die eerste bydrae is van algemene aard en standaard deur Aartsbiskop Michail oor: *Die Hoffnung auf die Zukunft der Menschheit im Licht der Heiligen Schrift*. 'n Mens stel wel soms vanuit die reformatoriese teologie vrae as jy stellings soos volg hoor: "... einem jeden einzelnen wurde die Möglichkeit des ewigen Lebens mit Gott und in Gott gegeben ... Wird er die von Gott ohne seinen eigenen Verdienst dargebotene Gabe annehmen (Eph 2, 8f); Wird er die ihm gegebene Möglichkeit zu seiner Errettung wahrnehmen oder ablehnen?" (bl 55). Dis duidelik dat Arminius en die Ortodokse teologie 'n gemeenskaplike agtergrond het.

Prof Jürgen Roloff van Erlangen lewer 'n goeie bydrae oor die eskatologie, met 'n kort historiese oorsig en verder behandel hy Jesus se eskatologie-beskouing, dié van die vroegste kerk en Paulus. Hy wys baie beslis die revolusiegees om die eskatologie te realiseer, af: "Was Paulus von der Endzeit erwartet, ist vielmehr der Abbruch der bestehenden Welt und die Schaffung einer neuen Welt Gottes als Raum der Freiheit" (bl 80).

Metropoliet Filaret se bydrae: *Die Hoffnung auf die Zukunft der Menschheit in der Diskussion der Neuzeit in Europa*, is heeltemal 'n horisontalistiese bydrae. Klem word gelê op die feit dat die Ryk van God op die aarde deur ons begin moet word (bl 83); détente is die beëindiging van die koue oorlog (bl 86); vryheidsvegters (in plaas van terroriste) se hoop op bevryding (bl 88); ontwapening word op simplistiese en naïewe wyse voorgedra: "Wir die gläubigen Menschen, treten für das Verbot aller Waffengattungen ein" (bl 90); Sosialisme word geprys: "Dank der Bemühungen der sozialistischen Länder ..." (bl 90). Hy bespreek die SALT-verdrae (bl 91) en vestig baie hoop op menslike ooreenkomste: "Unterpfand für eine bessere Zukunft ist die Zusammenarbeit mit den Vereinten Nationen" (bl 93).

A I Osipov is professor aan die Moskouse Geestelike Akademie. Sy bydrae handel oor die heiliges as teken van die vervulling van God se beloftes aan die mens (bl 96). Vir die ore van 'n reformatoriese teologie klink hierdie ortodoksie dikwels òf uiters vreemd òf uiters Rooms: Die strewe van die mens om met God een te word word die wese van religie genoem (bl 96). Deur die sakramente, waarvan daar sewe is (bl 100), ontvang 'n mens die talent soos 'n suurdeeg waarmee jy moet woeker om heilig te word (bl 97). Wat wel interessant is, is die beskrywing van die heiliges as teken. Hiermee word heiligheid nie as 'n etiese volmaaktheid aangedui nie

maar as 'n ontologiese teken. Osipov val eintlik terug op professor Florenskij, "einem der genialsten russischen Theologen", oorlede 1943, in die interpretasie van die begrip "heilig" (bl 100). Op 'n baie positiewe wyse word askese beskryf om die skoonheid van 'n ligvolle persoonlikheid te bevorder (bl 106), nie om geïsoleerd te lewe nie maar om as heilige juis aktiewer krag in die wêreld te openbaar (bl 103). Die heiliges beoefen by uitstek twee deugde: deemoed, die kerndeug of die basis van die deugdepiramide. Ek moet erken dat hy pragtige dinge oor deemoed, wat ons so 'n vergete deug laat word het, sê (bl 107–108). Die tweede of toppuntdeug van die deugdepiramide, wat soos 'n sluitsteen die piramide inmekaar sluit, is liefde (bl 109–113).

Behalwe die vreemd-Roomse ongereformeerde inslag, soos ook die "Jakobsleer" van die heiliges waar Jesus bo-op staan, dan Maria, dan die engele, en so meer, is hier tog 'n prikkelende en interessante bydrae.

Prof Georg Kretschmar van München handel onder dieselfde titel as die vorige bydrae oor sake soos die *communio sanctorum* (die bundel wat proefleesmatig baie goed is, het soms soos hier by *santorum* die c laat uitval (bl 114); en op bl 150 Prozess in plaas van Prozess); die heiliges op die aarde (bv Antonius die Grote, Frans von Assisi en Dietrich Bonhoeffer bl 122–131); die heiliges in die hemel (vgl Ps 21:4 LXX; Ps 16:3; 68:36 LXX; Ps 89:9; Openb 4:10; 5:11). 'n Mens plaas maar groot vraagtekens agter die stellings in verband met die voorbeding vir dodes (bl 132), en agter die vergoddeliking-gedagte wat dan by die reformatoriese regverdigingsleer "zusammengehören" (bl 133).

Kretschmar noem baie interessante dinge oor die moderne sug na sigbaarheid en militarisme in die teologiese mentaliteit: "Unsere Heiligung bleibt uns verborgen bis auf den Tag, da alles offenbar wird. Wer hier etwas sehen will, wer sich hier selbst offenbar werden will und nicht in Geduld warten, der hat seinen Lohn dahin . . . Auch die 'Bekennende Kirche' ging bei aller Opposition zum herrschenden Regime in Deutschland nie so weit, das sie Christen zum politisch-militärischen Aufstand ermutigt hätte" (bl 129). Ek dink daar is baie elemente in ons land vandag wat loop en smous met die Bekennende Kirche wat hierdie les ter harte kan neem!

Borovojvan die Russiese Ortodokse Kerk bespreek vervolgens *Die Konsenserklärungen der Kommission für Glauben und Kirchenverfassung zu Taufe, Eucharistie und Amt und ihre Bedeutung auf dem Weg zur*

Wiederherstellung der Einheit aller Christen in der einen, heiligen, katholischen und apostolischen Kirche (bl 137). Sy klem op eenheid gaan soms verder as die katolisiteit van die een kerk van Christus. Hy sê eenheid van die kerk is nie slegs gawe nie maar ook opgawe (bl 137). Dit kan nog gaan. En dan sê hy: “die Einheit der Kirche im Dienst an der Einheit des Menschengeschlechtes” (bl 140). Dan sê ons: ontkoppel en hou stil – dat ons eers ’n auseinandersetzung maak!

Professor Slenczka van die Universiteit Heidelberg behandel *Die Vereinbarten Erklärungen der Kommission für Glauben und Kirchenverfassung zu Taufe, Eucharistie und Amt und ihre Aufnahme in der Evangelischen Kirche in Deutschland* (bl 150). By elkeen van doop, nagmaal en amp staan hy ’n rukkie stil – sonder om vreeslik belangwekkend te wees.

Aan die einde van die boek, van bl 160 af (maar nou het die bladsye al almal los geword!) word die reaksie van die deelnemers op elke referaat weergegee. Hier kom nogal interessante dinge uit. Borovoj sê dié pragtige ding: “Heute geht es nicht um die Frage der Wiederherstellung der Einheit der Kirche, die einst war und dann zu existieren aufhörte. Es geht vielmehr um die Frage der Wiederherstellung der Einheit der Christen in der einem, heiligen, Katholischen und apostolischen Kirche, die war, die ist und die sein wird” (bl 183). Hierna voel ’n mens om vir Borovoj te sê: nou kan ons weer verder ry!

HG van der Westhuizen

Kleynhans, EPJ, 1984 – Gereformeerde Kerkreg. Deel 2. Kerk en amp.

187 bladsye. Pretoria: NG Kerkboekhandel, Transvaal. Prys R11,95.

Dit is die tweede deel van prof Kleynhans se Gereformeerde Kerkreg. Soos die ondertitel aandui, handel dit oor kerk en amp. As sodanig is dit onmiddellik ’n publikasie wat die aandag trek en wat deur almal verwelkom sal word.

Die werk self val in vyf hoofstukke uiteen en is opeenvolgend: die

amp in die Heilige Skrif; die bedienaar van die Woord; die ouderling; die diaken; die vrou en die amp. Uit die aard van die saak alreeds 'n prikkelende inhoudsopgawe.

Inhoudelik is daar natuurlik heelwat waarby mens 'n kanteekening wil skrywe, 'n vraag wil stel of 'n wenkbrou wil lig. Want waar sal dit gebeur dat ons dit in alles met mekaar eens sal wees? Maar dit neem nie weg nie dat, in die breë gesien, hier 'n goeie uiteensetting gegee word van die hele saak van die amp soos dit vandag in die NG Kerk gesien en uitgeleef word.

In die uiteensetting oor die amp in hoofstuk 1 het ek 'n bespreking gemis van die feit dat die amp begin as 'n dinamiese geroepenheid tot diens en dan, miskien vanselfsprekend, vervlak tot 'n stadiese, omskrewe en juridies bepaalde amp en funksie. Soms wil dit voorkom dat juis die dinamiese geroepenheid tot diens versmoor word deur die stadies-juridiese. CF Dick se onlangse proefskrif oor die amp wil juis op die gevaar van die oorwoekering van die stadies-juridiese wys en vandaar sy pleidooi vir groter soepelheid. Kleynhans wy hieraan géén besondere aandag nie maar konsentreer op die amp soos dit verstaan en uitgelê is deur Calvyn en daarvandaan omskryf, bepaal en vasgelê is deur die opvolgende canonici. Hier domineer dus die voortdurende gewoonte as bron van die kerklike reg en daarom ook gestel dat die vrou nie die amp van predikant of ouderling kan beklee nie. As dit afgewys is, het ek tog 'n probleem met die algemene beginsel soos dit op bl 7 gestel word: "Die besondere ampte ... kom uit die gelowiges op en rus op die breë grondslag van die amp van die gelowiges."

Oor die gelykwaardigheid van die ampte bekruip die vraag mens soms of dit in die praktyk van die kerklike lewe wel so is. Soms, as mens sien hoe juis in die Calvinistiese Kerke "domineeskerke" ontstaan, dan wonder mens of die gelykheid nie soos dié is wat George Orwell omskryf het, waar die een net meer gelyk as die ander is nie. Gelykheid in die ampte en gelykwaardigheid van die ampte lê nie sommer so op dieselfde lyn nie. Selfs in Calvyn se Genève is die *compagnie des pasteurs* in die praktyk 'n baie belangriker liggaam as die kerkraad. Merkwaardig dat, ondanks die gelykwaardigheid van die ampte, 'n ouderling letterlik nooit voorsitter van 'n kerklike vergadering is of kan wees nie. Die vraag wat opkom, as die gelykwaardigheid beklemtoon word, is waarom die predikant voorsitter moet wees. Volkome gelykwaardig is die ampte in ieder geval nie, want die predikant beklee sy amp lewenslank; die ouderling en die

diaken net vir 'n bepaalde periode. Dit sou interessant gewees het as Kleynhans hieroor 'n paar verdere opmerkings gemaak het.

Met hierdie paar opmerkings wil ek volstaan. Ek wil graag hierdie werk aanbeveel by teologiese studente en predikante want hier word 'n magdom van gegewens sorgvuldig en netjies weergegee en verwerk. As 'n inleiding tot die hele saak van die amp in die kerk is hierdie werk van Kleynhans 'n uitstekende gids.

AD Pont

Klijn, AFJ, 1983 – Apostoliese Vaders.

Volume 2. Kok: Kampen. Prys: R17,55.

Dr AFJ Klijn, hoogleraar te Groningen, benodig geen verdere bekendstelling by ons nie. Met sy *Apostoliese Vaders* maak hy die geskifte wat dateer uit die eerste helfte van die tweede eeu nC vir 'n ieder en elk toeganklik. Nie alleen voorsien hy aan die leser 'n vertaling van die primêre Griekse teks nie, maar die inleiding tot elk van die geskifte is so deeglik dat die leser terselfdertyd 'n goeie oorsig kry van die navorsing in die sekondêre literatuur oor die Apostoliese Vaders.

Die res van hierdie resensie is beperk tot volume 2 van die *Apostoliese Vaders*, soos die titel ook aandui. Hierdie volume beslaan 250 bladsye en is stewig gebind in 'n sagteband. Dit dek die Brief van Barnabas, Fragmente van Papias, Brief aan Diognetus (met fragmente uit die Prediking van Petrus), Apologie van Quadratus en Pastor van Hermas.

Die vertaling van die Griekse tekste is baie goed en die verdere toeligting daarvan in die voetnotas is baie handig. Elke vertaling word voorafgegaan met 'n inleiding wat gewoonlik sake soos die volgende dek: gegewens rakende die outeurskap, datering en oorlevering van die teks, karakter en inhoud van die geskrif, teologiese opmerkings ensovoorts. Dit is deurgaans duidelik dat die outeur 'n deeglike kennis het van die sekondêre literatuur. Ook gee hy die leser inligting omtrent ander vertalings op die mark, asook ander bronne wat geraadpleeg kan word indien meer informasie verlang word.

Die enigste negatiewe opmerking wat gemaak kan word is dat dit baie onvanpas lyk dat Klijn ook fragmente uit die Prediking van Petrus insluit in sy werk. Laasgenoemde hoort tot die groep geskryfte wat as die Apostoliese Pseudepigrapha bekend staan. Dit is wel so dat die Prediking van Petrus op die titelblad tussen hakies aangedui word en dat die insluiting daarvan soos volg gemotiveer word: "In zijn beschrijving van Jodendom en heidendom is hij (naamlik die outeur van die Diognetusbrief) zeker afhankelik van in de kerk aanwezige gedachten op dit punt. Dat blijkt wel uit de soms opvallende ooreenkomsten tussen Aan Diognetus, de Prediking van Petrus en de Apologie van Aristides. Vooral de relatie met de Prediking van Petrus is van betekenis. Van dit werk zijn slechts fragmenten over die in dit boek zijn opgenomen" (bl 91). Nogtans lyk dit inkonsekwent omdat daar nog baie ander geskryfte is wat ook moontlike bronne van sommige van die Apostoliese Vaders kon wees of wat baie ooreenkomste daarmee toon, sonder dat hulle daarom noodwendig ingevoeg moet word in 'n werk oor Apostoliese Vaders. 'n Nota oor die ooreenkoms met die Prediking van Petrus sou heeltemal genoeg gewees het. Immers Klijn erken tog self: "Het staat niet vast dat ons geschrift afhankelik is van de Prediking van Petrus" (bl 91-2).

Ten slotte: altwee volumes van die *Apostolische Vaders*, wat ook 'n eenheid vorm, is van hoogstaande gehalte en behoort 'n plek te kry op elke teoloog se boekrak.

HF Stander

Kremkau, K, 1980 – Das Religiöse Bewusstsein und der Heilige Geist in der Kirche. Beiheft zur Ökumenischen Rundschau Nr. 40

96 bladsye. Frankfurt am Main: Verlag Otto Lembeck

Hierdie bundel bevat hoofsaaklik die vier referate wat op die vyfde teologiese konferensie tussen die Evangeliese Kerk in Duitsland en die Kerk van Engeland in April 1980 gehou is. Dr Heinz Joachim

Held, die voorsitter, gee 'n oorsigtelike inleiding waarna 'n lys van deelnemers aan beide kante, volg.

Die eerste bydrae, die van Richard H Roberts van Engeland, handel oor Gees, struktuur en waarheid in die kerk. Hy spook met die menings van Karl Barth, Karl Marx, Tugwells, Taylor, die Idealisme en andere, oor die Gees. Hy gee soms interessante menings weer, soos die volgende: "Daraus folgert Taylor, dass der menschliche 'Geist' niemals 'in einzigartiger Weise mein ist wie mein Leib, mein leben, meine Individualität', sondern dass 'er nur in meiner Bezogenheit auf etwas anders wirksam wird'. Daher gilt: 'Geist ist das was dazwischen liegt und sowohl Trennung als auch Zusammenbindung zu einer Realität macht'" (bl 30). Aangesien Roberts kritiek teen Karl Barth uitspreek, is hy self verbaas in sy "Nachwort" (bl 43) dat niemand daaroor kommentaar gelewer het nie.

'n Professor in Praktiese Teologie van Duitsland (Marburg), lewer die tweede bydrae. Nadat hy 'n ootsig oor Praktiese Teologie in Duitsland sedert die Tweede Wêreldoorlog gegee het, handel hy hoofsaaklik oor die Pneumatologie. Veral sy bespreking van R Bohren bring Pneumatologie en Praktiese Teologie in sterk verbinding met mekaar. Voorbeelde: "Praktische Theologie ist für Bohren 'theologische Ästhetik' (bl 47) ... Weil die Trinität mit sich selbst im Gespräch ist, ist der Heilige Geist ein Geist des Gesprächs. Ein vom Heiligen Geist bewegtes Gespräch wird 'im Gebet geführt' ... 'Und wo der Heilige Geist gewinnt, wird aus unserem Gespräch ein Gesang, und das Gespräch ist der Ort, da Gott schön wird'" (bl 48). Hierdie artikel het eintlik nie veel om die lyf nie.

Die derde bydrae is van C Frey, professor in Sistematiese Teologie te Erlangen, Duitsland. Hierdie redelike lang artikel (twintig bladsye), is baie tegnies van aard, bespreek 'n hele linie teoloë se opvattinge onder die tema "Kriterien der Gegenwart des Heiligen Geistes". Hy verdeel sy artikel in

1. Die probleem van die Heilige Gees in die Teologie.
2. Christus en die mens (bv Christologie en Pneumatologie).
3. Die Heilige Gees en die Kerk (bv gawes en ampte, die filioque – probleem, en so meer).
4. Heilige Gees en Verstand.

Frey maak graag stellings in die rigting van die humanisme, soos volg: "Sie ist Kirche in *Vorläufigkeit*; bei dieser Formulierung ist

'vor-laufen' geradezu wörtlich zu nehmen: Sie soll und wird der Menschheit vorauslaufen im Leben des Geistes zur *Einheit der Menschen* ..." (bl 67). Dit sê hy na aanleiding van Bonhoeffer se: Kirche für andere.

Die laaste bydrae, Rowan Williams van Cambridge se stuk oor "Wort und Geist" lees makliker (al is dit 'n vertaling, soos ook Roberts s'n). Williams meen dat die Pneumatologie by sowel Rooms-Katolieke as Protestante skade ly. "Barths Lehre vom Heiligen Geist ist bekannterweise einer der am wenigsten entfalteteten Bereiche seines Systems" (bl 77). By Barth se volgelinge soos Eberhard Jungel sou die gebrek nog groter wees. "Schillebeeckx' vortrefflicher Beitrag zur Christologie berührt die Theologie des Geistes nur am Rande" (bl 77). Jürgen Moltmann is vir Williams egter 'n uitsondering onder die Protestante en so Hans Urs onder die Rooms-Katolieke.

Williams bespreek byvoorbeeld sommige Apologete se opvatting oor die Heilige Gees. Name soos Hippolitis, Athenagoras, Origenes kom na vore. Van Tertullianus bespreek hy die vergelykings van die Drie-eenheid met: wortels-plant; bron-stroom; son-straal.

Nadat Williams kritiek op Karl Barth uitgeoefen het (bl 83–85), maak hy verwysing na die opvatting oor die Gees by Lukas, Paulus en Johannes onderskeidelik.

Hoewel dit waar is dat die gesig van die Heilige Gees nie gegee is om deur ons aanskou te word nie, en ons Hom dus nooit in ons gebroke toestand van aangesig tot aangesig sal ken nie, gee hierdie hele bundel 'n onbevredigende nagevoel dat daar te veel oor die Heilige Gees gespekuleer word en van die een teologiese opvatting na die ander rondgeskuif word, in plaas van om by 'n Skrifondersoek te hou.

HG van der Westhuizen

Krüger, JS, 1981 – Studying religion. A methodological introduction to science of religion

82 bladsye. Pretoria: UNISA

Die godsdienswetenskap is besig om deur 'n periode van metodologiese selfondersoek te beweeg. Baie werke verskyn deesdae oor die

metodeleer van die godsdienswetenskap. Die bekendste hiervan is die werke in die reeks *Religion and reason*.

Dit is aangenaam om 'n Suid-Afrikaanse bydrae tot die debat aan te kondig wat sekerlik aandag gaan trek, naamlik hierdie jongste publikasie uit die pen van prof. Krüger van die Dept. Sending- en Godsdienswetenskap aan UNISA. Ofskoon die werk primêr met die oog op gevorderde studente in die godsdienswetenskap geskryf is, wil dit ook 'n bydrae tot die metodologiese debat wees.

Die werk weerspieël die skrywer se groot belesenheid op die gebied van die metodologie in die algemeen en van die godsdienswetenskap in die besonder, asook sy diepgaande insig in probleemareas en die aard van die probleme. Die leser baat by die skrywer se vermoë om ongekompliseerd en duidelik te skryf en te formuleer.

Aan die hart van die huidige metodologiese dilemma lê die spanning tussen die fragmentaristiese beskrywende benadering (soos in die veldwerkbenadering weerspieël) enersyds en die sistematiserende, teoretiserende benadering wat nogal neig om verband met die verskillende religieuse werklikhede te verloor, andersyds. Die skrywer spreek sy (nie onkritiese) simpatie met die fenomenologiese tradisie uit, maar meen dat die dilemma moontlik opgelos kan word deur 'n benadering wat die fundamenteel-teoretiese benadering koppel met die hermeneutiese benadering en wat gestuur word deur 'n meta-wetenskaplike bewussyn.

Die boek maak 'n netjiese indruk, maar die klein lettertipe wat gebruik is, doen enigermate afbreuk aan die leesbaarheid daarvan.

PJ van der Merwe

Malan, CJ – Die Leer aangaande God by Calvyn

38 bladsye (Reeks F: Instituut vir Reformatoriese Studies. F 4. Calvyn Causerieë Nr 12). Prys R2,50.

In die werkie word 35 titels aangedui waarin oor die onderwerp gehandel word. Nie minder nie as 29 werke word ook kortliks

bespreek. Die skrywer verdien dank en waardering vir die groot werk wat hy verrig het. Vir enige Calvin-navorsers is dit 'n belegging om hierdie boekie aan te skaf.

SJ Botha

Studies in 1 Enoch and the New Testament. Stellenbosch: NTSSA (Neotestamentica 17/1983).

'n Belangrike nuwe uitgawe van *Neotestamentica*, tydskrif van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, wat oor 'n interessante tema handel, het so pas verskyn.

Die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika (NTWSA) het sy jaarlikse kongres in 1983 gewy aan 'n bespreking van die Joodse boek 1 Henog en die betekenis daarvan vir die Nuwe Testament. Hierdie boek wat in die eerste twee eeue v C ontstaan het, was 'n baie gewilde boek onder die Jode en die eerste Christene. In die Judas-brief word dit as 'n heilige geskrif beskou. 'n Lang aanhaling uit 1 Henog kom in die Brief voor (Judas 14–15). Dit word algemeen aanvaar dat ook Jesus die boek baie goed moes geken het. Die titel "Menseseun" wat Jesus veral gebruik het om sy werk en persoon te omskryf, word in 1 Henog uitvoerig gebruik. Jesus se gebruik van die titel stem ooreen met die gebruik daarvan in 1 Henog. Met die sensasionele ontdekking van die Qumran-geskrifte by die Dooie See, is vir die eerste keer gedeeltes ontdek van 1 Henog in die taal waarin dit geskryf is, naamlik Aramees. Tot op daardie stadium was dit nog net in vertalings (byvoorbeeld Etiopies) bekend. Die vonds by Qumran het bewys dat 1 Henog wyd gelees is onder Jesus se tydgenote en deur hulle as 'n baie waardevolle boek beskou is. Die biblioteek van Qumran het verskeie kopieë van die boek gehad in 'n tyd toe boeke baie skaars en duur was.

Neotestamentica, tydskrif van die NTWSA, wat so pas verskyn het, bevat die referate wat tydens hierdie kongres oor die boek gelewer is. Dit is die eerste keer dat een spesifieke buite-Bybelse boek so indringend by 'n kongres van die NTWSA bespreek word. Tog word

werke soos 1 Henog wat deel is van die pseudepigrafiese of apokriewe boeke, toenemend deur teoloë gelees, omdat hulle so 'n belangrike bydrae kan lewer tot die verstaan van die Bybel en tot die kennis van die Nuwe-Testamentiese tye. 'n Teken hiervan is die baie belangrike Engelse vertaling van 'n vyftigtal van hierdie boeke wat so pas in Amerika verskyn het. In *Neotestamentica* 17 bespreek prof WS Vorster in 'n inleidende artikel in die algemeen die apokaliptiese literatuur waarvan 1 Henog 'n voorbeeld is. Hy gee ook 'n bespreking van die boek en sy verskillende onderafdelings. Die gasspreker by die kongres, die bekende prof Lars Hartman van Swede, bespreek in sy uitstekende artikel hoedat die eerste deel van 1 Henog 'n voorbeeld bied van Joodse eksegesi van die Ou Testament. Prof JH le Roux verduidelik in sy artikel hoedat in 1 Henog die verhaal van die vloed in Genesis 6 geïnterpreteer word. JC Thom gee deur nuwe metodes 'n ontleding van die eerste deel van 1 Henog. Dr PGR de Villiers ondersoek hoedat volgens die boek die kennis van die wêreld vir die mens verlossing en sekerheid bied in die tye van krisis waarin die boek geskryf is. Daar is 'n belangrike artikel van dr PB Decock oor engele, seuns van God en Seun van God in 1 Henog en hoe dit die verstaan van die begrip Seun van God in die Nuwe Testament bepaal. Prof JC Malan kontrasteer die sieninge van 1 Henog met dié van die Nuwe Testament.

Neotestamentica 17 (1983) kan by dr PGR de Villiers, die Publikasiesekretaris (NTWSA), Dept Bybelkunde, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch 7600 bestel word teen 'n bedrag van R11,00.

WS Vorster

Potter, P, 1982 – Leben in seiner ganzen Fülle

Frankfurt am Main: Verlag Otto Lembeck

Die boek bestaan uit agt opstelle van die werk van Philip Potter. Hy het nie die boek so geskryf nie, maar dit is saamgestel deur Marc

Reuver, die voormalige direkteur van IDOC (Internasionale Dokumentasiediens in Rome). Reuver het verskeie manuskripte van Potter bymekaargevoeg om die agt opstelle saam te stel.

Die agt opstelle dek verskeie aspekte van die werksaamheid van die Wêreldraad van Kerke as deel van die ekumeniese beweging. Bekende begrippe vir die ekumeniese beweging soos konsiliêre eenheid, 'n ekumeniese lewenstyl, geregtigheid en gemeenskap word met 'n konglomeraat van theologoumena uiteengesit.

Dit is duidelik dat dit vir Potter c s nie meer gaan om die eenheid van die kerk nie, maar om die eenheid van die mensheid. Om hierdie doel te bereik het die kerk 'n instrumentele rol te vervul. Om die lewe in volheid mee te deel, is om 'n sosialistiese koninkryk van God op aarde op te rig. Daar is in die boek nie sprake van die verlossing deur Christus van sonde en dood nie, dus horisontalisme *par excellence*.

Die boek het miskien propagandistiese waarde maar is vir die student van die ekumene nutteloos.

JJ Steenkamp

Römisch-Katholische/Evangelisch-Lutherse Kommission 1981 – Das Geistliche Amt in der Kirche

134 bladsye. Papenborn: Bonifatius-Druckerei

Die stewige bindwerk, kleiner bladsyspieël, groterige druk, en paragraaf-numering (van 1 tot 86), maak die lees van hierdie bundel aantrekliker. Opvallend is die byna volledige afwesigheid van taal-, spel- en drukfoute. Eintlik is die verhandeling self oor die amp maar kort – bladsy 15 tot 55. Dit word onder deel A van die boekie gesorteer. Deel B van bladsy 57 tot 101 bevat die verskillende bevestigingsformuliere, asook 'n sinopsis daarvan. Dis interessant om byvoorbeeld die liturgie-formulier van die Roomse priesterwyde na te gaan: 'n Voorsanger afgewissel met die volk roep litanies Christus om erbarming aan, daarna volg: "heilige Maria bid vir ons" en so

volg dan dieselfde frase elke keer met 'n mindere naam: Migael, alle engele, Josef, Johannes die Doper, Petrus en Paulus, Andreas, Johannes, Maria Magdalena, Stefanus, Laurentius, Ignatius – en nog veertien ander! Deel C van die boek, bladsy 102 tot 134, word genoem: Exkurse. Hieronder word net twee dinge bespreek. Eerstens die vrou in die amp en tweedens die probleem van die priester, as middelaar, en as *alter Christus* en die priester as verteenwoordiger van Christus *in persona Christi*.

Ek dink dis noodsaaklik dat die gesamentlike bydrae van prof Hervé Legrand (Rooms-Katolieke) en biskop John Vikström (evangelies-Luthers) deur almal wat 'n studie maak oor die vrou in die amp, gelees sal word. Daar word deeglik op alle toepaslike eksegetiese materiaal ingegaan. Tog word benadruk dat die blote eksegeese alleen nie die finale beslissing in die saak oor die vrou in die amp is nie (bl 108, 111 ens). Interessant word vermeld dat “die im Corpus Paulinum in Entsprechung zur Ehe beschriebene Beziehung zwischen Christus und der Kirche ist niemals auf das Verhältnis zwischen den Amsträgern und der Kirche Übertragen worden” (bl 107). Daar word ook histories na die (Rooms-) Katolieke en Lutherse kerke se uitsprake oor die vrou in die amp gekyk: die kerkvaders, die middel-eeuse, Luther self en so meer. Luther se standpunt in kort kom daarop neer dat die vrou op grond van haar deelname aan die algemene priesterskap deur die doop die reg en die toerusting het tot Woordverkondiging en sakramentsbediening. Maar sy kan nie hierdie reg uitoefen nie omdat sy deur die skeppingsverordening aan die man ondergeskik gestel is en tweedens ook omdat sy natuurmatig nie oor die vereiste bekwaamhede beskik nie. In die Lutherse kerk is die eerste “Pastorinnen” dan ook eers in 1929 in Nederland georden, gevolg deur die Skandinawiese kerk (Denemarke 1947, Noorweë 1956, Swede 1958) en Duitsland (bl 113–114). Die houding van die maagd Maria, haar vrye instemming, word as model vir alle gelowige manne en vroue voorgehou (bl 122). Die interessantste gedeelte oor die vrou in die amp is vir my dié deel waar die vrou-ampsdraer as eskatologiese teken beskryf word (bl 119).

Afdeling A bly egter, ekumenies gesien, die vernaamste deel van die bundel – want dis 'n gesamentlike bydrae van en onderteken deur al die Roomse en Lutherse medewerkers. Dis interessant om te sien hoe gemeenskaplike gronde tussen Rooms en Luthers gesoek en gevind (?) word (byvoorbeeld bl 19, 25, 30 ens). Soms dink ek word te maklik gesê dat konsensus bereik is (byvoorbeeld bl 38). Aan die

ander kant kan die weg na konsensus “nur schrittweise gegangen werden” (bl 54). Daar is ook die aanwysing van sake waaroor nie eenstemmigheid bereik is nie soos byvoorbeeld die eenmalige ampsordening (waaroor beide wel eens is!) maar wat deur die Roomsers in ’n ontologiese kategorie van *character indelebilis* gesien word (bl 31).

Interessante besprekings oor die benaminge en ampte van priester (bl 22), biskop en predikant (bl 37), ensovoorts – dus ook tussen presbiteraat en episkopaat word gegee.

Soms klink sekere standpunte waarop ooreengekom word, méér Rooms, soms méér Luthers (bl 9, 39, 40 ensovoorts).

Konsensus word soms gebaseer op die Bybelse intensie van iets waaroor in die teologiese praktyk verskil word. So byvoorbeeld die suksessiegedagte in die amp: “Die Grundintention der Lehre von der apostolischen Sukzession ist es, dass der Kirche in allem geschichtlichen Wandel ihrer Veründigung und ihrer Strukturen zu jeder Zeit an ihren apostolischen Ursprung verwiesen ist ... Die lutherische Tradition spricht in diesem Zusammenhang von einer *successio verbi*. In de heutigen katholischen Theologie setzt sich immer mehr die Auffassung durch, dass das inhaltliche Verständnis der Apostolizität das Primäre ist. In diesem Verständnis der Apostolischen Sukzession bahnt sich also eine weitreichende Übereinstimmung an” (bl 43).

Alhoewel die eenheid van die kerk nie volledig bespreek word nie – “Sie bedarf einer weiteren ausführlichen Behandlung” (bl 46) – kom dit tog ter sprake onder die tema biskopamp en -diens aan die universele eenheid van die kerk. Myns insiens word hier dan tog ’n paar bemerkenswaardige dinge gesê – nogal van Roomse kant: “Nach katholischer Lehre ... ist jede Ortskirche Realisation and Repräsentation der einen Kirche Jesu Christi nur in Gemeinschaft (communio) mit den anderen Ortskirchen ...” (bl 46). Nog ’n voorbeeld: “Da die Einheit der Kirche primär Einheit in dem einen Glauben ist ...” (bl 47).

Die uitgee van hierdie geskrif is bedoel “das vorliegende Dokument an die Kirchen zum Studium weiterzuleiten” (bl 55). Ek wonder of ons eie Tussenkerklike Kommissie (TKK) nie hierdie voorbeeld kan volg nie? Sou dit nie moontlik wees om hulle studiewerk in publikasies te plaas sodat al die betrokke kerke in hulle geheel aan die gesprek kan deelneem deur kommentaar nie?

Oor die tegniek (of wat ’n mens dit ook al wil noem) van die

ekumeniese gesprek kan ons spesifiek by hierdie ekumeniesaktiewe Evangelies-Lutherse Kerk in Duitsland seker veel leer. Ook hulle (en die Roomsers) besef, soos ook ons almal moet besef, dat “die Hoffnung, zur vollen Kirchen- und Eucharistiegemeinschaft zu gelangen, gründet nicht in unseren menschlichen Möglichkeiten ...” (bl 55).

HG van der Westhuizen

Rossouw, PJ – Grondlyne van ’n pastorale model – Gerben Heitink

78 bladsye. Pretoria: NG Kerkboekhandel. Prys R6,75.

Die mees omvangryke publikasie wat in die jongste tyd op die gebied van die Poimeniek verskyn het, is seker die proefskrif van dr Gerben Heitink, getitel: *Pastoraat als hulpverlening*. Heitink probeer veral om ’n versoening te bewerkstelling tussen die kerugmatiese benadering van E Thurneysen en die kliënt – gesentreerde benadering van S Hiltner. Hy poog ook om die pastor tegemoet te kom in die werk- en identiteitskrisis waarin hy homself bevind.

Hierdie studie van Heitink is egter nie vir almal ewe toeganklik nie, vanweë die omvang, asook die veronderstelling van ’n redelike wye kennis op die terrein van die Poimeniek. In die lig hiervan wil PJ Rossouw die werk van Heitink ontleed en bespreek, sodat dit vir teologiese studente, predikante en belangstellendes wat òf as gevolg van te min tyd òf weens ’n gebrek aan diepgaande teologiese skoling, moeite ondervind om die proefskrif deur te werk, tóg op hierdie wyse toeganklik gemaak kan word. Hierdie bespreking is krities omdat hy dit tegelyk ook wil evalueer in die lig van die Gereformeerde teologie. Op hierdie wyse wil hy ’n inleidende evaluering van die besondere pastorale model van Heitink bied.

Hoewel oorsigtelik, slaag Rossouw daarin om ’n oorsig te bied van die ontwikkelinge op die terrein van die pastoraat wat uitloop het op die versoeningspoging van Heitink. Hierdie versoening tussen uiteenlopende standpunte in die pastoraat wil Heitink bereik deur sy sogenaamde bipolêre benadering. Met bipolariteit bedoel Heitink dat pastoraat ’n aantal gemeenskaplike elemente met ander vorme

van hulpverlening aan die mens het en tog steeds 'n eie karakter besit. Hierdie twee pole van dieselfde saak, naamlik die uniekheid van die pastoraat enersyds, en die elemente wat die pastoraat met ander vorme van hulpverlening in gemeen het andersyds, staan in spanningsvolle relasie tot mekaar.

Rossouw bereik sy doelwit, naamlik om op 'n sistematiese wyse die werk van Heitink te ontleed, en slaag tegelyk daarin om aan die leser 'n insig te bied in die denke van Heitink. Hy wys ook op die winsmomente in die studie van Heitink, veral sy indeling van die veld van die pastorale praktyk en daarmee saam sy beklemtoning van die problematiek wat by elkeen sentraal staan. Hy werp ook nuwe lig op die verhouding van die pastor tot die mens en die gevare wat die pastor in elke situasie bedreig.

Benewens die sistematiese oorsig en positiewe uitsprake waar dit ter sake is, skroom Rossouw egter ook nie om vanuit die Gereformeerde teologie gevare en afwykings te ontbloot nie. Tereg wys Rossouw op die volgende teologiese gevare in die model van Heitink.

1. Dit tas die Bybelse antropologie aan.
2. Pastoraat as "hulpverlening" beteken prakties dat die hele pastoraat opgaan in krisispastoraat, wat eintlik slegs vir die "beroepspastor" bedoel is.
3. Die pastoraat as amptelike dienswerk kom in gedrang, met 'n gepaardgaande gebrek in die momente van die tug.
4. Die helende verhouding tussen pastoraat en lidmaat wat wel essensieel is, neig egter by Heitink om die uitsprake van die Skrif te oorskadu.
5. Heitink poog om 'n versoening te bewerkstellig, tussen die standpunte van Thurneyssen en Hiltner, maar uiteindelik sluit hy baie nou aan by die gedagtes van Hiltner.

Rossouw raak tot die gevolgtrekking: "Dat Heitink se pastoraat as hulpverlening, as voortsetting van die tradisioneel Gereformeerde standpunt beskou kan word, is te betwyfel." Nieteenstaande die kritiek op hierdie model, merk hy egter tereg op dat daar tog baie waardevolle aspekte vir die pastoraat ingesluit lê.

Vir die doelwit wat Rossouw beoog is sy beoordeling van Heitink 'n goeie oorsig en evaluering vir diegene wat daarmee wil kennis maak. Dit wil nie impliseer dat 'n mens alle uitsprake van Rossouw

klakkeloos wil napraat nie. Sekere uitsprake wat hy maak oor die werk van Heitink is byvoorbeeld sterk beïnvloed deur sy persoonlike siening van 'n Christelike wetenskap, wat nie algemeen aanvaar word nie.

Dit is nogtans 'n deeglike studie en die bruikbaarheid daarvan word verhoog deur 'n uitgebreide opgawe van literatuur wat in dié verband geraadpleeg kan word.

TFJ Dreyer

Snyman JJ, 1980 – Aspekte van 'n etiek by die Neo-Marxisme van die Frankfurter Schule

53 bladsye (Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO, Reeks F Nr 14 Instituut vir Reformatoriese Studie). Prys R2,00.

Die skrywer is dosent in die Wysbegeerte aan die RAU. In wysgerige kringe is hy bekend vir waardevolle bydraes op die gebied van die kultuurfilosofie en die esteties. Hierin het hy hom veral betuig as iemand wat deeglik vertrou is met die Neo-Marxistiese tradisie in die algemeen, en die Frankfurter Schule (Horkheimer en Adorno) in die besonder. Ook in teologiese kringe behoort Snyman geen onbekende te wees nie. Diegene wat die onlangse Calvin-kongres (Pretoria, 1981) bygewoon het, het sekerlik met waardering geluister na sy referaat oor *Calvyn en die kuns* (sedertdien saam met die ander referate gepubliseer deur die IRS, Potchefstroom).

Die onderhawige studie van Snyman is myns insiens betekenisvol in meerdere opsigte. Dit bied naamlik bevredigende leesstof aan die ingewyde sowel as die oningewyde leser. Die oningewyde leser (en hieronder tel helaas nogal heelwat teoloë) sal veral baat by die eerste twee hoofstukke.

Hoofstuk 1 gee 'n knap oorsig oor die probleme van die Marx-interpretasie en sy geskiedenis. Die skrywer wys op 'n aantal faktore wat aanleiding gegee het en nog steeds gee tot die ontplooiing van die (uiteenlopende) Marx-interpretasies in die 20ste eeu – 'n werk-

wyse wat besonder verhelderend inwerk as in gedagte gehou word dat die verskynsel “Neo-Marxisme” juis ontstaan het in en voortgestu word deur die vraagstuk van ’n outentieke Marx-interpretasie. Die leser wat hieroor meer wil te wete kom sal ongetwyfeld waardeer die indrukwekkende dokumentasie van tersaaklike literatuur wat by wyse van voetnotas ingewerk is.

Hoofstuk 2 is getitel *Hoofdtreke van die denkproblematiek van die Frankfurter Schule*. Hier word gevra na wat die Neo-Marxisme van spesifiek die Frankfurter Schule behels. Die skrywer se uiteensetting knoop soos wat verwag kon word aan by Adorno se konstatering van ’n “versuimde rewolusie”, en die gevolglike noodsaak aan ’n hersiening van Marx se rewolusieteorie. Die menslike bewussyn is vasgevang in die knelgreep van ’n universele verblindingsamehang (die ideologie van vooruitgang deur middel van wetenskap en tegniek). In die ideologiesekritiese denke van die Frankfurter Schule kom die objektiewe verblindingsamehang tot selfbewussyn. Anders gestel: Die waarheid oor die onwaarheid van die sosio-historiese werklikheid tree (soos vroeër by Marx) aan die lig. Maar hierdie waarheid gee ’n mens (anders as by Marx) niks positiefs in die hand nie. Die Kritiese Teorie bly negatief: ’n kompromislose teëspraak teen die indie-werklikheid-self-ontdekte teëspraak.

Dwarsdeur die eksposisie heen word daar ruimskoots aangehaal uit en verwys na die relevante literatuur. Dit dra nie alleen by tot die geloofwaardigheid van die studie nie, maar stel ook die ontvanklike leser in staat om iets te ervaar van die meesleurende denkgang van Horkheimer en Adorno. Die aangehaalde passasies is nougeset in Afrikaans vertaal, en dit maak dit soveel meer toeganklik vir die leser – gewis nog ’n winspunt as mens in gedagte hou hoe vreemd en kripties die skryfstyl van veral Adorno is.

Hoofstuk 3 handel oor *Aspekte van ’n etiek by Horkheimer en Adorno*. Hier lewer Snyman ’n aantal waardevolle perspektiewe wat getuig van die nodige omsigtigheid. Tereg beklemtoon hy die feit dat ons in die filosofie van Horkheimer en Adorno geen sistematies uitgewerkte etiek het nie, en dat ’n mens maklik die gevaar loop om, waar jy van ’n etiek by hierdie denkers praat, “soos in ’n steengroef, uit talle klippe, slegs dié te kies wat ’n vooropgesette doel die beste dien”. Vanweë beperkte ruimte noem ek hier slegs enkele prikkelende gedagtes (paslike klippe uit die steengroef?).

Die probleem van ’n etiek vandag is geleë in “die onherbergsaamheid van die samelewing vir die etiek!” Só formuleer Snyman tref-

fend die slotsom waartoe Horkheimer kom in sy analise van die burgerlike moraal en die hoofwoordvoerder daarvan, Immanuel Kant. As suiwerste uitdrukking van 'n skisofrene moraal (die antonomie van plig en neiging), hou Kant se etiek nietemin groot waarde in. Dit sinjaleer dat die sosio-historiese omstandighede onvoldoende is vir die verwerkliking van die moraal.

In sy waarderende slotopmerkings (*Hoofstuk 5*) vestig Snyman sêlf ook weer die aandag op wat hy noem die "moraalbarre klimaat" van ons hedendaagse ekonomies en tegnologies oorheersde kultuur. Die middelklasmoraal het met sy strewe na fatsoenlikheid, wel-voeglikheid en burgerlikheid al hoe meer uitgehol geraak. Aangehelp deur die oorwig van moderne kommunikasiemedie het dit in ons tyd geleidelik tot deursneemening, aanpassing, aangepasheid, die vermyding van kontroerse. Ook Christene word verlei tot die skisofrenie van toegee aan die (meesal ekonomies gemotiveerde) "eise van die praktyk". Die gevolg hiervan is dat moraliteit uit die openbare sfeer verdring word. Dit word beperk tot "privaat"-aangeleenthede. By baie lei dit tot die praktyk van askese waarmee getrag word om 'n "eie klein en gawe koninkrykie te stig as vrywaring teen die boosheid van die wêreld".

Hoe dit ook al sy, Horkheimer kom tot die ontnugterende gevolgtrekking dat die tegniese-ekonomiese vooruitgang gepaard gaan met 'n agteruitgang van 'n morele gevoel by die mensheid. In hierdie omstandighede is die oproep tot moraal – en daarmee tot politiek – met magteloosheid geslaan. Miskien sou die term "versuimde moraal" hier nie onvanpas wees nie. Ek wil nie ingaan op wat volgens Horkheimer c s sou kwalifiseer as *inhoud* vir hierdie (versuimde) moraal nie. Die belangrike is dat die moraal, ten spyte daarvan dat dit versuim is, voortleef in *medelye*: 'n besorgdheid oor die lyding van individue, maar wyer nog as dit: 'n "solidariteit met alle kreatuere" as die eerste tree tot die sorgsame bewaring van lewe. Moraliteit en redelikheid het 'n kans om te oorleef (te "oorwinter") in enkele individue wat nie slagoffers geword het van die gees (beter: ongees) van burgerlikheid nie.

Adorno se "etiek" sluit grotendeels aan by dié van Horkheimer. Interessant is sy materialistiese "begroning" van moraliteit in die mens se natuurlike afsku vir ondraaglike fisieke pyn en lyding. Taak van die etiek (en van die filosofie in die algemeen) is om hierdie impuls te versterk en om spraak te verleen aan die lyde. Die gewaardwording van afgryse en verontwaardiging moet op die skerpste

moontlike wyse geartikuleer word. “Die perennierende lyde het soveel reg op uitdrukking as wat die gemartelde het om te brul.” Die filosofie moet hom verset teen die magte wat dreig om die lyding te laat verstom. Só vervul hy ’n wesenlike behoefte wat die voorwaarde is vir waarheid – iets waaraan eintlik slegs die kuns, spesifiek die musiek, behoorlik uitvoering kan gee.

In *hoofstuk 4* gaan die skrywer in op sekere bedenkinge wat teen Horkheimer en Adorno ingebring sou kon word, die belangrikste waarvan die aporie van die verhouding teorie-praktyk. Tereg word uitgewys dat minstens Adorno hom ten diepste bewus was van hierdie aporie. Snyman is myns insiens dan ook heeltemal in die kol wanneer hy stel: “Dit sou geen oordrywing wees om te sê dat Adorno se filosofie niks anders wou wees as ’n doelbewuste aporetiese filosofie nie. Hierdie aporie is gefundeer in ’n visie op die geskiedenis, waarvan die belangrikste element in hierdie besondere verband dié is van die versuimde rewolusie ...”

Ten slotte wil ek hierdie voortrefflike studie van Snyman ten sterkste aanbeveel, en ook wys op ’n meer resente (en ewe verdienstelike) publikasie van hom oor dieselfde onderwerp. Dit dra die titel *Etiëk in Ballingskap*, en is vervat in die bundel *Die uitdaging van die Neo-Marxisme op die gebied van die wetenskap* wat in 1982 uitgegee is deur die IRS. Hierdie bundel bevat naas Snyman se bydrae nog 9 ander bydraes waarvan ek veral dié van PJ van Veuren oor die Neo-Marxisme in die teologie wil aanbeveel.

MJ Schoeman

Van der Walt BJ (red) 1983 – Maarten Luther 1483–1983

144 bladsye. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO. Prys R5,00.

Die herdenking van die groot Duitse hervormer Martin Luther se geboortedag 500 jaar gelede, het gedurende 1983 ’n hele reeks geskrifte oor Luther opgelewer. Verla in Duitsland is daar heelwat oor Luther gepubliseer. Dit is nogal opvallend. Immers in Wes-Duits-

land is die genitief-teologieë so populêr (so lyk dit ten minste) dat dit nogal verrassend was om kennis te neem van uitstekende Luther-biografieë van onder andere Lohse, Brecht en Von Loewenich. Selfs in Oos-Duitsland het die Marxistiese bewind Luther-geboue geres-toueer en ook dáár is 'n paar uitnemende Luther-publikasies uitge-gee. Daar is dus nog steeds 'n lewendige belangstelling vir die groot hervormer wat self, naas sy Groot Kategismus, sy strydskrif teen Erasmus, *De servo arbitrio*, as die beste beskou het wat hy ooit geskryf het.

In ons land is daar, miskien ietwat beskeie, óók aan Luther in hierdie herdenkingsjaar aandag gegee. Die *Instituut vir Reformato-riese Studie* by die PU vir CHO het op 11 en 12 November 'n Lu-therherdenking gehou waar 'n viertal referate gehou is. Dié referate is in hierdie bundel saamgevat. Die viertal referate is van dr GC de Groot, *Luther se Lewensgeskiedenis teen die agtergrond van sy tyd* (57 bl), prof K Nürnberger, *Luther as Kerkhervormer* (20 bl), prof LR Tönsing, *Luther en Kultuur* (24 bl) en prof GN van den Berg, *Luther en Politiek* (24 bl). Hoewel dit net enkele grepe uit Luther en sy lewe en werk behandel, is dit tog 'n welkome toevoeging tot geskryfte in Afrikaans oor Luther.

In die algemeen word hier in vier referate netjiese uiteensettings gegee en vind ons by Nürnberger 'n baie handige en insiggewende samevatting van wat reeds oor Luther gesê en gepubliseer is. Die artikel van prof Tönsing bevat verskillende interessante insigte en is beslis die moeite werd om surgvuldig te lees. Miskien méér tiperend van óns tyd as van die klem wat Luther in sy lewe gelê het, is die laaste referaat oor Luther en die Politiek van prof GN van den Bergh. Hierdie referaat is van belang veral omdat dit nié so maklik is om Luther se opvattinge oor die politiek raak te vat nie en tweedens omdat Luther, met sy uitsprake, in 'n totaal ander leefwêreld gestaan het. Die skrywer slaag daarin om Luther se dilemma op hierdie netelige terrein netjies aan te dui. Dat Luther se oplossings vir ons vandag enigsins naïef lyk, hang waarskynlik saam met die feit dat Luther as monnik en teologiese professor nooit werklik deeglik op die hoogte gekom het van die staatkunde, die politiek en daarom die verhouding kerk en owerheid nie. Die Lutherse oplossing *Thron und Altar* was beslis nie bevredigend nie. Dit was eers Johannes Calvyn wat hier met 'n vaste hand duidelike lyne getrek het. Tog is dit belangrik om ook aandag te gee aan Luther se bydrae op hierdie vlak.

Alles bymekaar geneem, wil ek hierdie bundel graag aanbeveel. Dit is 'n aanwinst dat ons in Afrikaans, en daarom toeganklik vir student en lidmaat, hierdie evaluering van fasette van Luther se lewe en werk gekry het.

AD Pont

Visser't Hooft, WA, 1982 – Gottes Vaterschaft im Zeitalter der Emanzipation

202 bladsye. Frankfurt am Main: Verlag Josef Knecht

Hierdie is die Duitse vertaling van 'n boek getiteld: "The Fatherhood of God in an Age of Emancipation", wat gedurende 1982 verskyn het as 'n uitgawe van die Wêreldraad van Kerke.

Hierin gee die voormalige sekretaris-generaal van hierdie organisasie, aandag aan die volgende stuk problematiek: Gedurende die afgelope paar eeue, is daar in die Westerse wêreld 'n grondige emansipasieproses aan die gang; hierdie is 'n vrywordingsproses, waardeur die Westerse mens homself hoe langer hoe meer ontruk aan die patriargalistiese lewensorde van vroeër eeue en die verskillende vergestaltings wat dit in die menslike leefwêreld aangeneem het. Nou is die vraag: Is daar, as hierdie proses positief waardeur word, nog plek vir God die Vader? Is die afskeid van die patriargalisme nie ineen 'n afskeid van die Vader nie?

Wat die boek betref: Die grootste deel daarvan word gewy aan 'n uiteensetting van hoe hierdie emansipasieproses verloop het. Die skrywer het in dié verband baie en sorgvuldige navorsing gedoen en verskaf, met gebruikmaking van 'n onderhoudende skryfstyl, 'n menigte interessante feite.

Wanneer hy besig raak met die wesenlike vraag, is sy oordeel oor die emansipasie as sodanig positief en sien hy dit as vrug van die evangelie. Hy dui egter bevredigend aan hoe die emansipasieproses homself verydel wanneer dit 'n doel in sigself word en verword tot anargie. Wanneer dit só ver gevoer word dat alle bindinge verontag-

saam en ontken word, bly net die binding aan die chaos oor – en daarmee verdwyn dit wat die emansipasieproses nagestreef het – ’n menswaardige lewe in vryheid en verantwoordelikheid. Sy eie standpunt is dat die emansipasieproses gesien moet word as ’n noodwendige stadium in die oorgang na ’n “ryper” kultuurvorm, waarin mense sonder dwang en in volle vryheid, kan besluit wat om met hulle lewens te doen. So ’n “ryper” mens is dan iemand wat, deur die proses van emansipasie, gekom het tot die besef van sy verantwoordelikheid. En dit is, volgens die skrywer, slegs moontlik as die mens ontdek dat sy heil, ten spyte van die emansipasie, dáárin lê dat hy gebind word. Maar nou is dit nie meer ’n binding wat verslaaf nie – soos dié waaruit die emansipasie hom bevry het nie – maar wat vervul. Dit is die binding aan dié Vader wat deur Jesus Christus geopenbaar is.

Dit is ’n baie interessante en grondige boek wat van harte aanbeveel word.

GC Velthuysen

Vorster, WS (red) 1982 – Denominationalism – its sources and implications

138 bladsye. Pretoria: UNISA. Prys: R7,55.

Hierdie bundel, opgedra aan die nagedagtenis van IH Eybers, bevat die vyf referate en die repliek op elkeen, van die sesde simposium van die Instituut vir Teologiese Navorsing aan UNISA.

Die algemene tema, wat méér beskrywend as evaluerend behandel word, is die organisatoriese fragmentasie van die kerk.

In die eerste bydrae is dr SS Maimela van UNISA van mening dat Jesus se hoop (Joh 17:20–23) beskaam is omdat daar nie so iets soos “die kerk” bestaan nie, slegs ’n aantal fragmente van die kerk ofte wel godsdienstige sekte (bl 1). Kerke of denominasies word dan ook gewaarsku om nie trots te wees op hulle “sectarian creeds” nie (bl 10).

Maimela betreur die feit dat die kerk onenig is en in die integrasiestrewe in Suid-Afrika dus “regrettably unable to help and guide our national leaders at a crucial point in the history of our country” (bl 9).

Die kerk se taak word gesien as die dienswerk tot ’n eenheid van die mensheid: “... instead of leading and uniting humanity ... (bl 8). “... I believe, there is hope for the unity of both the church and humanity in Christ ...” (bl 10).

Selfs CJ Alant, ’n sosioloog van UNISA, het in sy reaksie op Maimela kritiek op die idealistiese eenheidsiensing gehad. Alant sluit met die treffende uitdrukking: “In the last instance unity refers to a condition of consciousness rather than to a structure of homogeneity” (bl 12).

B Spoelstra van Hammanskraal het ’n stewige bydrae gelewer oor die feit van die drie Afrikaanse kerke. Spoelstra bespreek sake soos gemeente, kerk, kerke, kerkverband – ekklesiologiese en kerkregtelike beskouings van die kerk. Spoelstra wys daarop dat “the thought of ‘organizational church union’ is foreign to Calvin” (bl 19). Op bl 20’ gee Spoelstra ’n behartenswaardige waarskuwing: “... an interesting change of emphasis takes place. The church as the Body of Christ becomes the church as a body of Christians and in the end the church becomes a body of churches.”

Spoelstra se bespreking van JM Vlijm en K Runia is werklik verkwikkend in hierdie dae waarin daar gepoog word om die kerk in een groot wolkomers van organisasie dood te smoor. Treffend word die stuk afgesluit met: “Unity, catholicity and ecumenism must be determined by faith (belief) and not by form (uniformity)” (bl 32).

In JW Hofmeyr van UNISA se reaksie word op vele vermeende gebreke by Spoelstra gewys – byvoorbeeld dat Spoelstra nagelaat het om op die invloed van sosiale en kultuur kragte in die ontstaan van die drie kerke te wys (bl 36). Spoelstra word ook verkwalik dat hy nie gewys het op die “serious implications for church and society because of the fragmentation of the three Afrikaans churches” nie (bl 37).

TD Verryn van UNISA gee in sy lesenswaardige stuk “Not angels, but Anglicans” ’n redelike uitgebreide oorsig oor die kerkgeskiedenis van Engeland (bl 39 tot 61).

In sy reaksie kom LD Hulley, ook van UNISA, terug op Verryn se takteorie. Volgens die takteorie is die Christendom verdeel tussen Katoliek en Protestant. Deurdat die Protestante gebreek het met die

episkopaat het hulle weggebreek van die kerk soos Christus dit opgerig het. Die Ortodokse Kerk, die Roomse en die Anglikaanse Kerk staan egter nog in direkte onverbreekte suksessie met die eerste apostels (bl 39). Hulley spreek sy ontsteltenis oor hierdie teorie soos volg uit: "One is faced with the consequence that all other ministeries are not legitimate . . . This implication is one which bedevilled unity talks and continues to do so" (bl 61).

Dr CML Villa-Vicencio van Kaapstad gee nog weer 'n langer oorsig oor die Metodistiese kerk as wat Verryn oor die Anglikane gegee het (bl 64–94). Hierdie bydrae oor die Metodisme is baie interessant en informatief oor John Wesley. Dit is terloops opvallend as 'n mens oor Wesley se bekering lees hoe dikwels die Romeinebrief tot iemand se veranderde insig en keerpunt in sy (teologiese) lewe gelei het: Luther, Karl Barth, Woelderink, John Wesley.

DP Whitelaw, UNISA, oefen baie kritiek op Villa-Vicencio se bydrae uit. Hy sê dat Metodisme in Suid-Afrika te min aandag gekry het; so is ook te min aandag aan die sosiale konteks gegee (bl 97). My enigste kritiek kom egter juis weer oor Villa-Vicencio se slag uit die bloute, heel aan die einde van sy stuk: "... asking their dissident fellow Methodist how long they will be prepared to support apartheid and still call themselves Methodists" (bl 90).

Wesley is vir my in 'n beter perspektief geplaas soos Villa-Vicencio sy oorsig saamvat: "Wesley never intended to found a denomination but to renew the nation and the church to which he belonged from birth to death, namely the Anglican Church. Methodists are called to be Christians not Methodists" (bl 91).

ML Daneel van UNISA is 'n outoriteit op die gebied van die sogenaamde onafhanklike kerke. Hy gee in sy bydrae 'n volledige uiteensetting van die afsplinteringsproses in dié kerke. Die volgende word as oorsake van die proses bespreek: reaksie op sending, westerse denominasionalisme, verskille oor kerkleer, tradisionele proses van individualisering, Afrika-gemeenskapsgebruike, leierskapstrewes, leierskapopvolging, ensovoorts. Baie interessant word vermeld dat hierdie afsplinteringsproses vir die kerk nie negatief retrogressie is nie, maar positief progressie "because it means the improvement of the previous group's rules and it is, by implication, pleasing to God" (bl 107). Dis dan ook te verstaan dat 'n wegbreker-biskop die biskop van wie hy wegbreek vra om hom te orden (bl 109)! Iets skemer ook deur van hierdie kerke se Skrifhantering wanneer hulle ampsuksessie van vader tot seun soos volg

gefundeer word: "Who else but my eldest son should inherit my possessions (including church leadership)? ... We find this truth in the Bible. When Aaron died God instructed Moses to put his garments on his son, Eleazar ..." (bl 118). 'n Ander Bybelse argument (sic!) wat hulle aanvoer vir hierdie suksessie is: "According to the Bible there are thousands of angels. And yet God sent His son to teach the people of this world. So the Bible really teaches inheritance. If a minister dies his son will succeed him. In Luke 2:44 it says, 'Let me do my father's work at all times!' So the child *must* take up the ministry of his father" (bl 118).

D Crafford van die Universiteit van Pretoria (Afd B) lewer baie goeie kommentaar op Daneel se stuk. Ook met Crafford se kritiek stem ek grootliks saam.

Die bundel sluit 'n bietjie onbevredigend af. Juis omdat die skrywers eerder beskrywend as rigtinggewend gehandel het, sou 'n mens 'n samevattende rigtingwyser wou hê. Dit ontbreek.

HG van der Westhuizen

Vorster, WS (red) 1983 – Church and industry

113 bladsye. Prys R8,40 (R7,90 buitelands, posgeld uitgesluit). (Miscellanea congregalia 22. UNISA).

Hierdie werk bestaan uit die voordrage en inleidings tot die diskussies van die sewende simposium gereël deur die Instituut vir Teologiese Navorsing van Unisa. Soos die opskrif aandui, het dit gehandel oor die uitdagings waarmee die moderne industriële wêreld die kerk en sy bediening konfronteer.

Slegs twee van die referente was uit die ekonomiese wêreld, naamlik dr SS Brand van die Ontwikkelingsbank en prof JV Leatt van die Sakeskool van die Universiteit Kaapstad. Die res was uit die teologiese of kerklike wêreld.

Dit bring ons dadelik by 'n groot probleem waarvoor sulke pogings soos hierdie telkens te staan kom: die gespesialiseerde kennis wat teoloë of kerkmanne nodig het wanneer hulle terreine buite dié

van kerk en godsdiens betree. Die betrokke bydraes getuig weliswaar van 'n groot mate van belesenheid met betrekking tot ekonomiese aangeleenthede, maar 'n mens kan tog nie wegkom van die wete dat jy besig is om na ekonomiese uitsprake van teoloë te luister nie. Natuurlik kan dit verhelderend en nuttig wees, maar dit is selde dat daar verder gekom word as algemeenhede. In hierdie geval is die probleem ook nog versterk deurdat die meeste van die referente bekend is vir hulle kritiese houding teenoor die sosio-ekonomies-politieke opset in Suid-Afrika.

'n Mens sou twee dele in die boek kon onderskei. Eerstens word 'n oorsigtelike blik op die industrieel-ekonomiese situasie in Suid-Afrika gewerp en die implikasies van die geskilderde prentjie vir die kerk en sy bediening word uitgelig. Tweedens word gekyk na nywerheidsending en enkele teologiese punte aangestip. By wyse van kritiek kan gesê word dat die veld net te wyd uitgepen is en dat nie een van die twee temas regtig tot sy reg gekom het nie. Omdat die swaartepunt by eersgenoemde lê, kyk ons vervolgens kortliks daarna.

Dit sou seker nie onbillik wees om te stel dat die bydrae van prof Nürnberger die duidelikste uitstaan nie, omdat dit 'n wye veld bestryk, helder is en duidelik op teologiese implikasies afstuur. Sy grondtense kom min of meer op die volgende neer: Die ekonomie het met mag te doen en diegene wat sodanige mag eenmaal in die hande gekry het, laat dit nie sommer vaar nie. Trouens, ons bemerk 'n bouse konsentrasie van mag wat mettergaande toeneem, terwyl die "have nots" al meer mag en vermoë verloor. Die ekonomiese maghebbers vorm die kern van die ekonomie. Rondom hulle versamel die sentrale groep. Gesamentlik maak hulle 'n klein minderheid in die bevolking uit. Die res van die bevolking lê op die periferie. Hulle is die groter-wordende groep wat al minder beheer en ekonomies al minder inisiatief aan die dag kan lê. Die tragiek van 'n land soos Suid-Afrika is dat hoe meer ontwikkeling daar kom, hoe groter word die gaping. Selfs die pogings om desentralisasie te bewerk, beteken eintlik maar net dat die sentrale groep die geleentheid kry om oor 'n groter geografiese gebied te versprei en nie dat rykdom en geleent-hede/middele na die periferie uitgedra word nie.

Dit is nie net die kapitalistiese sisteem wat sulke dilemmas tot gevolg het nie. Elke ander sisteem sal dit ook hê. Volgens prof Nürnberger moet die antwoord daarom nie in sisteme gesoek word nie, maar in Christelike mededeelsaamheid/omgee vir jou naaste en

geregtigheid. Die kerk moet ook hand in eie boesem steek en homself afvra in watter mate hy sienderoë toegelaat het dat eie belang, selfsug en materialisme aanvaarbare ekonomiese en sosiale uitgangspunte geword het.

Net so 'n groot probleem as die wat ek vroeër genoem het, is wanneer 'n teoloog ekonomiese uitsprake en teorieë moet beoordeel, al is dit afkomstig van 'n ander teoloog. Nogtans wil ek die volgende waag: Die sentrale groep-periferie-teorie wat prof. Nürnberger en latere sprekers gebruik, is natuurlik nie onbekend nie. Vir 'n groot deel is dit op Marx se insigte gebaseer. Vandag word egter al meer toegegee dat Marx dalk meer van ekonomie verstaan het as wat ekonome vroeër wou erken en daarom is so 'n tipering geen etikettering nie. Genoemde teorie help myns insiens ook om veel te verklaar van wat ons vandag in die wêreld en Suid-Afrika waarneem. Dit word egter vir my 'n probleem wanneer geredeneer word dat die armes armer word omdat rykes ryker word, of dat die nomade van die Sahel honger ly omdat die Amerikaners graag beeshaas eet. Hierdie teorie sou ook tot die slotsom lei dat die ekonomie uiteindelik in die hande van monopolieë of kartelle moet beland, terwyl dit bekend is dat lande soos Wes-Duitsland en Japan swaar op klein sakeondernemings steun. Waar sentralisasie tot sy uiteinde gevoer is, soos agter die Ystergordyn, het dit tot stagnasie gelei. Die stimulering van meer uitgebreide entrepreneurskap en die aanmoediging van meer klein sakeondernemings in Suid-Afrika lyk my daarom 'n verdienstelike poging.

Verder het ek dit gemis dat sprekers nie iets gemaak het van Suid-Afrika se verweefdheid met die vrye wêreld se ekonomie nie. Daar is byvoorbeeld dikwels verwys na strukturele dwang en die noodsaak om die strukture aan te pas of te verander. Die vraag is egter of Suid-Afrika veel vryheid het om aan sy ekonomiese strukture te verander, behalwe vir daardie aspekte wat deur politieke beleid geaffekteer word (soos instromingsbeheer, trekarbeid ensovoorts). Is daar in die wêreld ook hoegenaamd 'n beter alternatief as die vrye-markstelsel om na te streef?

Met hierdie opmerkings hoop ek dat ek laat blyk het hoe interessant ek die boek gevind het. Vir iemand in dieselfde posisie, dit wil sê in die kerk of teologie met 'n lekebelangstelling in die verhouding kerk-ekonomie, word dit van harte aanbeveel.

PJ van der Merwe